2018/02/14
08:37 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/02/14	DATUM 2018/02/13			+ - LAST WEEK 2018/02/05	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24640	39.18	0.2%	24601	-7.4%	26617
Goud (Spot)	1334.84	8.92	0.7%	1325.92	-3.6%	1384.67
Brent $/vat	62.80	-0.19	-0.3%	62.99	-10.9%	70.45
1 € / US$	1.2378	0.006	0.5%	1.2320	-0.3%	1.2415
1 US$ / ZAR	11.93	0.030	0.3%	11.90	0.6%	11.86
Corn	R 1 718.95	4	0.3%	R 1 714.63	*CBOT Corn Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mrt 12:00 the previous day	
Wheat	R 1 995.80	1	0.0%	R 1 995.11	* CBOT Wheat Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mrt 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 386.42	63	1.5%	R 4 323.45	* CBOT Soy Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mrt 12:00 the previous day	

BY DIE GELD PUT OPSIE		
	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 1 934.00	R 2 002.00
PUT TREFPRYS	R 1 940.00	R 2 020.00
PUT PREMIE	R 121.64	R 123.20
MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 818.36	R 1 896.80

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn Mar 18	366.00	0.00	0.0%	366.00	Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein	
Wheat Mar 18	460.00	-1.00	-0.2%	461.00		
Soybeans Mar 18	1011.00	12.00	1.2%	999.00		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Mar '18	3000.00	0.00	0.0%	3000.00	3774.01	1856.78
WMAZ Spot	1803.00	-11.00	-0.6%	1814.00	3242.31	1533.29
WMAZ Mar 18	1815.00	-12.00	-0.7%	1827.00	3193.52	1485.46
WMAZ Jul 18	1924.00	-10.00	-0.5%	1934.00	3265.55	1556.07
YMAZ Spot	1895.00	-10.00	-0.5%	1905.00	3193.52	1485.46
YMAZ Mar 18	1906.00	-56.00	-2.9%	1962.00	3193.52	1485.46
YMAZ Jul 18	1988.00	-14.00	-0.7%	2002.00	3265.55	1556.07
SOY Spot	4536.00	0.00	0.0%	4536.00	5924.37	3797.75
SOY May 18	4663.00	-2.00	0.0%	4665.00	6356.54	4090.00
SUN Spot	4750.00	20.00	0.4%	4730.00	5772.84	4001.05
SUN May 18	4721.00	-49.00	-1.0%	4770.00		
WHEAT Spot	3608.00	-27.00	-0.7%	3635.00	4011.65	1574.76
WHEAT Mar 18	3610.00	-43.00	-1.2%	3653.00	4743.14	2160.72
WHEAT May 18	3731.00	-39.00	-1.0%	3770.00	4879.84	2294.74

WEEK NR.	39		
	MIELIE UITVOERE		
	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	9 028	3 858	12 886
JTD TOTAAL	568 624	1 217 882	1 786 506
UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	23%	66%	41%
TEMPO/WEEK BENODIG	148 567	48 624	197 192
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	3 372	2 552	5 924
JTD TOTAAL	9 590 676	6 466 323	16 056 999
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
% GELEWER VAN OES	99%	100%	100%
TEMPO /WEEK BENODIG	4 006	-1 159	2 846
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	22 419	17 999	23 596
JTD TOTAAL	702 491	137 438	502 879
TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	35%	14.8%	31%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel effens swakker as gister-middag, maar bly steeds onder die R12-vlak. Die plaaslike geldeenheid het van sy sterkte verloor nadat daar aangekondig is dat daar geen spesifieke sperdatum was om President Jacob Zuma te herroep nie. Daar is dus 'n bietjie onsekerheid oor die toekoms van die huidige President, wat die volatiliteit in die rand veroorsaak. Tans verhandel die rand teen sowat R11.93 teenoor die dollar. Wat ekonomiese nuus betref wat Statistieke SA vrygestel het, het Suid-Afrika se werkloosheidsyfer met 1% tot 26.7% gedaal in die 4de kwartaal van 2017 vanaf 27,7% in die tweede en derde kwartaal van 2017. In totaal het die land se werkloosheid met 330 000 afgeneem, terwyl indiensneming met net 21 000 afgeneem het. Die werksgeleenthede in die landbou sektor het met 39 000 werksgeleenthede in die 4de kwartaal toegeneem.

Mielies: Amerikaanse mielieprys het meestal sywaarts geëindig, hoofsaaklik as gevolg van tegniese verkope. Mielieprys het die week effens hoër begin, na goeie momentum van die sojaboon- en koringprys wat Maandag behaal is. Die langtermyn tendens van Amerikaanse mielieprys dui egter 'n opwaartse neiging vanaf die middel Januarie, as gevolg van goeie vraag, wat gelei het tot positiewe uitvoervolumes sowel as erge droë weerstoestande wat Argentinië se produksie bedreig. Mielie-uitvoerverkope was 'n bietjie laer as die vorige week. In totaal was 835 704 ton uitgevoer, 27% laer as die vorige week. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse mielieprys was laer vir die tweede agtereenvolgende dag, onder druk deur 'n sterker rand. Beide wit- en geelmielies het relatiewe klein dalings vir alle belangrike kontrakmaande getoon. Die plaaslike pryse volg ook lae uitvoersyfers wat tans 'n aanduiding is van hoër as verwagte eindvoorraad, wat pryse onder druk plaas. In die onlangse handelsdata wat deur SAGIS vrygestel is, het WM weeklikse uitvoere 7 005 ton beloop terwyl YM-uitvoere 22 387 ton beloop het. Die hoof bestemmings vir YM-uitvoere, was Suid-Korea en Taiwan. Totale mielie-uitvoere beloop 1,9 miljoen ton.

Sojabone: VSA sojaboonpryse het vir die tweede agtereenvolgende dag gestyg, en het weer dubbelsyfer winste opgelewer. Sojaboonpryse verhandel tans teen 'n 10 week hoogtepunt, te midde van deurlopende ongunstige weersomstandighede in Argentinië. Argentinië se produksie van sojabone word tans beraam op 54 miljoen ton, af vanaf 56 miljoen in die vorige USDA-wêreld vraag en aanbod beramings. Sojaboonpryse het ook ondersteuning gekry van onlangse positiewe uitvoerdata. Verlede week het die USDA weeklikse verkope van 1.306 miljoen ton gerapporteer. Intussen het die USDA ook 'n uitvoer van 313 000 ton aan onbekende bestemmings aangekondig. Suid-Amerika se sojaboonproduksie word belemmer deur weerstoestande, aangesien Brasilië se sojaboon-oes met reën vertraag is, wat sommige sojabone wat reeds geoes is, beïnvloed het. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse sojaboonpryse kon nie die winste behaal wat op Maandag se sessie behaal is nie, aangesien die pryse Dinsdag meestal sywaarts gesluit het. Die meeste kontrakmaande het onveranderd gebly. Sojaboonpryse, kon nie die tendens van internasionale pryse volg nie, omdat 'n relatief sterker rand, prysstygings onderdruk het. Die Maart en Mei kontrakmaande het klein verliese behaal, maar die Julie-kontrak was die uitsondering en het klein winste behaal.

Koring: VSA koringpryse het sommige van sy winste wat Maandag behaal is, verloor, en laer vir beide winter en lente koring gesluit, ondanks die droë weer in die Pleine. Amerikaanse winterkoring nader tans 'n belangrike produksiefase en droë weer oor die Pleine kan die ontwikkeling van gewasse benadeel. Elders word verwag dat produksie ook sal daal, nadat Frankryk se landbou minister weer die sagte koring produksie afwaarts hersien het weens 'n afname in die gestroopte gebied. Irak is ook bekommerd dat droë weerstoestande sy 2018-koring- en garsproduksie met soveel as 20% kan verminder. Verlede week se verslag oor VSA koring uitvoere, oorskry 487 154 ton, met Japan as een van die voorste bestemmings. Hierdie week is Japan op soek na 84 000 ton kwaliteit koring uit die VSA, Kanada of Australië. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse koringpryse het laer geëindig vir alle kontrakmaande. Koringpryse het matige verliese gely as gevolg van die laer internasionale pryse en 'n sterker plaaslike geld eenheid. In die weeklikse SAGIS-data het weeklikse koringinvoere 65 268 ton beloop, wat die hoogste invoervolume sedert November 2017 was. Koring invoere vir die seisoen beloop tans 826 184 ton. Weeklikse uitvoere was 542 ton, wat die seisoen totaal tot 9 274 ton bring.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone en Luan van der Walt /* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.